

DIE SKIETLOOD

Uitgawe 126 - 8 Desember 2017 saam
met Koersvas 126



Die onderbreek die kommentaar op die Nederlandse Geloofsbelydenis met die plaas van 'n artikel wat verband hou met Kersfees. Ons sal vroeg in 2018 weer verder kommentaar lewer op die NGB. Mag u Christusfees vol vreugde wees.

Die eerste Kersfees.

Ons viering van Jesus se geboorte is 'n groot gebeurtenis in die meeste Christene se jaarlikse ritme. Elkeen van ons het 'n eie prentjie oor hoe dit gelyk het tydens Jesus se geboorte. Sommige huis-houdings het 'n vertoon van stal, baba Jesus en ander rondom Hom. Die media (televisie, fliks, kerskaartjies en kunswerke) het 'n groot invloed op die beeld wat baie van ons in ons eie gedagtes gevorm het. Ons is almal waarskynlik skuldig aan anachronismes¹. Dit is baie moeilik om 180 jaar na die gebeurtenis 'n prentjie te vorm van die ware ervarings van mense tydens die Groot Trek. Hoeveel te meer die uitdagings om die hele prentjie te sien van

'n gebeurtenis wat amper 2000 jaar gelede plaasgevind het. Om 'n beter begrip te kry van hoe sake eintlik geskied het, moet ons met ander woorde ons beeld uitvee en toelaat dat die omstandighede van die tyd ons lei. Ons gaan sekere kopskuiwe moet maak om naby aan die Mediterreense gemeenskap se verstaan te kom. Wat hier aangebied word, is 'n alternatief wat erns maak met die gegewens wat ons in die Skrif vind. Die eerstes wat hierdie alternatief aangebied het, was die Lutherane. Lesers hoef nie hulle eie prentjie te verander nie. Tog sal die volgende inligting eers verdiskonteer moet word:


'n Eerste saak van belang is om te let op die verskil in denke. Vandag se mens dink anders oor verskeie sake as die mense van vergange geslagte. Ons is deel van 'n gemeenskap waar individualisme van groot belang is. Descartes se *cogito ergo sum* – ek dink en daarom bestaan ek – is vir ons vanselfsprekend. Ons stel – “ek dink en daarom is ek”, daardie

¹ WAT: anachronisme s.nw.

1 Die plasing of voorstelling van 'n gebeurtenis, 'n voorwerp, 'n persoon in 'n tydvak waarin dié nie kon plaasgevind het nie, nie pas nie; tydrekenkundige vergissing of onjuistheid: In die historiese roman (in die skildery) kom 'n hinderlike anachronisme voor. 'n Anachronisme

gebruik, begaan, pleeg. Jou aan 'n anachronisme skuldig maak.

2 Voorval wat nie op die veronderstelde tyd kon plaasgevind het nie; persoon of saak wat nie in die veronderstelde tyd pas nie: 'n Motor in Van Riebeeck se tyd is 'n anachronisme.



Daar was met ander woorde genoeg tyd vir Josef om Maria by 'n goeie blyplek uit te kry. Ons het altyd half die gedagte dat Jesus minute na hulle aankoms in Bethlehem gebore is. Dit is nie korrek nie. Ons lees in Lukas 2:6 *Grieks: "ἐγένετο δὲ ἐν τῷ εἶναι αὐτοὺς ἐκεῖ ἐπλησθησαν αἱ ἡμέραι τοῦ τεκεῖν αὐτήν"; Afrikaans OAV: "En terwyl hulle daar was, is **die dae vervul** dat sy moes baar"; Afrikaans NAV: "Terwyl hulle daar was, het die tyd gekom dat haar kind gebore moes word."* Uit die teks is dit duidelik dat hier sprake is van 'n tydperk, die laaste fase van die swangerskap. Kinders was geskenke van

die Here en daarom sou Josef nie onverantwoordelik gewees het deur kort voor die bevalling te reis nie.

Die skaapwagters se besoek is ook van belang. Hulle besoek gebeur wel daardie eerste nag. Wat gebeur, is dat die skaapwagters na hulle besoek aan Josef, Maria en die baba weggaan van die familie af en dan lees ons in Lukas 2:20 *Grieks: "καὶ αἰνούντες τὸν θεὸν ἐπὶ πᾶσιν οἰς ἤκουσαν καὶ εἶδον"*: Afrikaans OAV "God verheerlik en geprys oor **alles** wat hulle gehoor en gesien het," Afrikaans OAV "God loof en prys oor **alles** wat hulle gehoor en gesien het." Dit alles sluit sekerlik die omstandighede van die familie in. Dit sluit die gasvryheid wat Josef en sy gesin ontvang het, logies gesproke in. Die skaapwagters sou nie vol lof gewees het indien die herbergier ongeskik was, daar geen vroedvrou was, nie 'n ouma, niggie of tante teenwoordig was, indien die stal vuil, koud en ongenaakbaar was. Hulle sou die familie dadelik na hulle huise genooi het. "Kom ons en ons vrouens sal vir julle sorg". Daar is duidelik probleme met ons verstaan van wat daar gebeur het. Hoe om dit op te los? Twee vrae moet eers beantwoord word voordat ons die situasie kan uitpluis. Waar was die herberg? Wat was die herberg? Waar was die krip? Eers dan oor die herberg die volgende:

Ons lees in Lukas 2:7: Grieks: “και ετεκεν τον υιον αυτης τον πρωτοτοκον και εσπαργανωσεν αυτον και ανεκλινεν αυτον εν τη φατνη διοτι ουκ ην αυτοις τοπος εν τω καταλυματι” Afrikaans OAV: “en sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die **krip** neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die **herberg** was nie.” Afrikaans NAV: “Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n **krip** neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die **herberg** was nie.”

Die Griekse woord wat met ‘herberg’ vertaal word is ‘κατάλυμα’. Ons vind in Strong’s die volgende inskrywing: G2646 κατάλυμα *kataluma kat-al'-oo-mah* From G2647; properly a dissolution (breaking up of a journey), that is, (by implication) a lodging place: - guestchamber, inn.

Daar is met ander woorde twee betekenis vir die woord. Die een is dat dit herberg kan beteken en die tweede betekenis is die van gastekamer. Dit is ‘n plek om te bly in die algemeen. Die gebruik van die woord “τοπος” wat vertaal word met “plek” moet ook ondersoek word. “τοπος” dui op lokaliteit, ‘n spesifieke spasie. Plek as woord om hierdie term te vertaal, is ‘n goeie woord, solank die leser nie skielik die woord “kamer” in hierdie term inlees nie. Daar was nie genoeg spasie in die gastekamer

nie, is ‘n werkbare vertaling. Die sprong in ons gedagtes is van ‘plek’ na ‘kamer’.

Ons lees in Lukas 22:11 -12 Grieks: “ και ερειπε τω οικοδεσποτη της οικιας λεγει σοι ο διδασκαλος που εστιν το καταλυμα οπου το πασχα μετα των μαθητων μου φαγω Afrikaans OAV: “En julle moet vir die eienaar van die huis sê: Die Meester vra u—waar is die **kamer** waar Ek die Pasga met my dissipels kan eet? Afrikaans NAV: “en sê vir die eienaar van die huis: ‘Ons Leermeester vra u: Waar is die **kamer** waar Ek met my dissipels die paasmaaltyd kan eet?”

Ons lees in Markus 14:14 και ὅπου ἐὰν εἰσέλθῃ, εἶπατε τῷ οἰκοδεσπότῃ ὅτι ὁ διδάσκαλος λέγει· ποῦ ἐστὶ τὸ κατάλυμά μου ὅπου τὸ πάσχα μετὰ τῶν μαθητῶν μου φάγω; Afrikaans OAV: “en waar hy ook mag ingaan, moet julle vir die eienaar van die huis sê: Die Meester laat weet: Waar is die **kamer** waar Ek met my dissipels die Pasga kan eet?’ Afrikaans NAV: “en waar hy ingaan, moet julle vir die eienaar van die huis sê: ‘Ons Leermeester vra: Waar is my **kamer** waar Ek die paasmaaltyd saam met my dissipels kan eet?”

Dit is net in hierdie drie tekste waar ons die woord *κατάλυμα* terugvind. Uit die ander twee tekste waar die woord gebruik word, is die logiese om ook in Lukas 2 die woord te wil vertaal met “gastekamer”. In beide die tekste wat genoem word (Lukas

22 en Markus 14) word hierdie *κατάλυμά* as 'n bovertrek aangedui. Dit is met ander woorde logies om te aanvaar dat die *κατάλυμά* in Lukas 2 na 'n soortgelyke bovertrek, wat deel van 'n privaatwoning is, verwys.

Lukas 22:12 Grieks: “κακεινος υμιν δειξει **ανωγειον** μεγα εστρωμενον εκει ετοιμασατε” Afrikaans OAV “En hy sal julle 'n groot **bovertrek** wys wat reggemaak is; daar moet julle dit berei.” Afrikaans NAV: “En hy sal julle 'n groot **bovertrek** wys wat klaar daarvoor ingerig is. Daar moet julle dit voorberei.” Die onderstreepte woord dui op 'n vertrek wat klaar gemeubileer is. In hierdie geval 'n vertrek met die regte meubels vir die vier van die Pasga.

Dit is waarskynlik dat die keuse vir “herberg” verband hou met die Vulgaat se gebruik van “diversorio” wat as “herberg” vertaal word.

Ons kan nou met 'n sekere mate van sekerheid waag om te stel dat die vertaling dalk anders moet lui en dat daar gestel moet word dat daar nie vir hulle plek in die gastekamer was nie. Voordat ons dit doen, moet ons ten minste kan aandui dat Lukas 'n ander woord ken en gebruik om 'n herberg as kommersiële eenheid aan te dui.


Lukas 10:34 Grieks: “καὶ προσελθὼν κατέδησε τὰ τραύματα αὐτοῦ ἐπιχέων ἔλαιον καὶ οἶνον, ἐπιβιβάσας δὲ αὐτὸν ἐπὶ τὸ ἴδιον κτῆνος ἤγαγεν αὐτὸν εἰς


πανδοχεῖον καὶ ἐπεμελήθη αὐτοῦ” Afrikaans OAV: “en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakkier gehelp en hom na 'n **herberg** geneem en vir hom gesorg.” Afrikaans NAV: “Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind. Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na 'n **herberg** toe geneem en hom daar verder versorg.”

Strong's G3829 *πανδοχεῖον* *pandocheion* *pan-dokh-i'-on* Neuter of a presumed compound of G3956 and a derivative of G1209; all receptive, that is, a public lodging place (*caravanserai* or *khan*): - *inn*.

Met ander woorde daar is 'n woord beskikbaar om aan te dui dat daar geen plek in die herberg is nie. Lukas se taalgebruik lei ons daartoe om eerder te kies vir die konsep van gastekamer wat deel van 'n privaatwoning is.

'n Volgende deel van die legkaart word voorsien deur te gaan kyk na die argitektuur van die Jode se huise in die antieke Israel ten tye van Jesus se geboorte.





Die basiese huisplan was vir ryk mense se huise, arm mense se huise en selfs publieke geboue gebruik. Die struktuur was vierkantig en het uit twee en dalk drie vertrekke bestaan. Die hoofvertrek was die gesinsarea. Dit is die area waar die gesin gelewe het, geslaap het, kos gemaak het en geëet het. Na een kant kleiner en soms bietjie meer as 'n meter laer was die diere se slaaparea met trappe wat die twee vertrekke verbind. Elke gesin het darem ten minste die volgende probeer besit. Een bees wat dan 'n bron van proteïene was, een donkie vir vervoer of as pakkier en ten minste drie skape sodat daar klere (en natuurlik vleis) kon wees vir die winter. Hierdie diere is teen die aand se kant deur die deur wat daar was, ingejaag en het die nag in daardie area spandeer. Vroeg die volgende dag is die diere weer na buite geneem. Dan is die diere se slaapplek skoongemaak. Die derde vertrek wat daar kon wees, was die gastekamer wat baie keer 'n bovertrek was.

Om die diere te voer, sodat hulle nie almal in die middel van die nag wakker maak omdat hulle honger is nie, was daar in baie huise 'n krip gekap uit die klip wat deel was van die hoër terras wat aan die gesinskamer gegrens het. Sommige het die krip in die verste hoek weg van die gesinskamer geplaas. Hierdie basiese struktuur was eintlik al lank deel van Israel se kultuur. So lees ons in I Samuel 28:24 “Die vrou het 'n kalf **by** die huis op stal gehad, en sy het dit gou gaan slag.” Die woorde wat gebruik word, verwys na die stal wat **in** die huis was (**בבית** מרבק עגל). Daar is genoeg argeologiese bewyse om hierdie prentjie wat nou hier geskets is, te bewys.

So terloops, dan maak die verhaal van Jefta skielik meer sin. Jefta het as Israeliet geweet dat die Here nie menslike offers aanvaar nie. Hy het geweet dat indien hy vroeg die oggend by die huis aankom, sal die onderste deur oopgemaak word en die diere sal uitstorm om water en voer te soek. Hy sou dan die eerste dier wat uit die huis uitkom, aan die Here offer. In sy dwaasheid kwalifiseer hy nie deur te stel die eerste dier nie, maar stel hy dat hy die eerste een wat uitstap, sal offer. Ongelukkig is dit sy dogter wat eerste by die huis uitkom en dan word sy tragies geoffer. Dit maak meer sin om die argitektuur van Israel in ag te neem, as om te wonder oor wie Jefta wou hê moet eerste by die deur

uitloop. Hy het 'n dier verwag en moes toe sy dogter offer. Daar is nog ander teksgedeeltes wat genoem kan word, soos Jesus wat die skrifgeleerde vertel dat hy tog sy donkie op die Sabbat losgelaat het.

Dit was nie noodwendig so dat die diere se area laer as die gesinsarea was nie. Dit kom op dieselfde vlak gewees het, met 'n stewige houtmuur tussen die twee areas. In laasgenoemde se geval sou die krip dan uit die hout gekerf gewees het. Die krip waarna Lukas verwys, was met ander woorde deel van die huis en 'n goeie plek om 'n baba in neer te lê. Die baba kon nie rondrol en seerkry nie, die baba was onder niemand se voete nie en was tog daar waar almal hom kon bewonder en hy veilig kon slaap.

Wanneer ons lees van die sterrekykers uit die ooste, lees ons ook dat hulle by die huis ingegaan het (Matteus 2:11: "*Hulle het in die **huis** ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy moeder, gesien, en hulle het gekniel en aan Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre*"). Het Josef dan na die geboorte 'n huis bekom, gehuur, of iets anders? Dit maak net sin

om te aanvaar dat dit dieselfde huis was waarin Jesus gebore is.

Teen hierdie agtergrond kan ons nou weer gaan kyk na die verhaal en dan vertel ons hom so: Josef en Maria het na Bethlehem gegaan om ingeskryf te word. Maria was swanger en hulle het versigtig die reis aangepak. Toe hulle in Bethlehem kom, het hulle by die familiehuis tuisgegaan. Na sowat twee of drie weke het dit tyd geword vir Maria om haar seun te baar. Omdat almal na hulle stamstede moes reis, was die huis vol mense, selfs die gastekamer was vol mense gewees. Gelukkig was daar tannies en niggies wat kon help met die geboorteproses. Maria het toe in die gesinsarea geboorte geskenk aan haar Seun. Hulle het die voer weggevat, die krip skoongemaak en toe die baba Jesus in die krip neergelê. Almal was baie bly oor die nuwe toevoeging tot die huis van Dawid. Hulle was bietjie verbaas toe die skaapwagters daar kom kuier, maar het hulle getrou aan tradisie, gasvry ontvang. Die skaapwagters het gesien dat alles goed verloop het en dat Josef, Maria en die babatjie goed versorg is. Hulle het na die veld gegaan en God geloof oor alles wat hulle gesien het.

